# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

## BELEEF BEHOORT BEDIEN



"Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie."
Op 3:8

## DOOP

Die doop word vanoggend bedien aan Gabrielle van Niekerk.

Welkom aan hierdie nuwe lid van ons Heidekoppie-huisgesin en baie geluk aan Pappa Hannes en Mamma Luzaan.

## EREDIENSTE

**VANDAG**
Deuroffers: Radio Kansel
Ds Anton
*Heb 10:19-25*
'n Huis met Oop Deure

08:30
Kontemporêre Diens - DOOP
Bababediening, Kinderkerke, Space

10:15
Klassieke Diens

10:30
Belydenisklas

19:00
Open Door Sundays
Past Adam
*When God feels quiet*

| 2 Ma | 3 Di | 4 Woe | 5 Do | 6 Vry | 7 Sa |
|---|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>10:00 Silwerjare Byeenkoms<br>19:00 Finans Bed verg | 05:45 Manna vir Manne<br>09:30 Othello Biduur<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Young Adults<br>20:00 Orkesoefening | 16:00 Racham<br>Wêreldbiddag vir Vroue | Biddag vir Mans |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com




## VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!

### MAART

**2**: Christien Groenewald
Kobie Kotze
**5**: Ansie Boshoff (92jr)
Lilian Teunissen
**6**: Lettie Meiring (80jr)
**7**: Reitz Koen

"Laat ons styf vashou
aan die hoop wat ons bely,
want God is getrou:
Hy doen wat Hy beloof het."
Hebreërs 10:23



## KOSTER

Sampie Griessel is aangestel as ons nuwe koster.
Sampie was in die onderwys en sien uit na hierdie nuwe uitdaging. Hy en sy vrou Chrisna is lidmate van Heidekoppie en woon in die omgewing.
Hy val vanoggend in en ons glo die Here gaan hom seën in hierdie nuwe pos!

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## SILWERJARE BUS-UITSTAPPIE

Seniors wat Dinsdagoggend saamgaan op Silwerjare se bus-uitstappie na Harold Porter Natuurreservaat in Bettiesbaai, moet asb reeds om 08:00 by die kerk wees. Die bus vertrek om 08:30.


BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# LYDENSTYD




"Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade."
Hebreërs 10: 24

"Jesus, help my om in Lydenstyd u liefde en deernis te weerspieël in my gedagtes, woorde en dade."




**DEUROFFERS**

Die deuroffers is vanoggend vir Radiokansel. Radiokansel is 'n Christelike radiostasie met nuus, musiek, leefstyl en sake, gebaseer op die Woord van God. Hulle deel die evangelie en bedien die gemeenskap. Besoek hulle webtuiste en luister aanlyn of laai die app af. Daar is ook YouTube videos, blogs, potgooie en dagstukkies.

https://www.radiokansel.co.za/

# BELEEF





Die eerste Vrydag in Maart is dit *Wêreldbiddag vir Vroue*.
Vanjaar val dit op 6 Maart.
Die Ring van Bottelary (waarvan Heidekoppie deel vorm) bied vanjaar Wêreldbiddag vir Vroue geleenthede aan by Proteahoogte Gemeente (Heuwelstr). Die kerk sal deur die dag oop wees met gebedstasies waar enige een kan gaan bid.
Om 08:30 en 18:00 is daar byeenkomste met begeleide gebedsoomblikke.
Knyp 'n tydjie af om hier saam met vroue vanoor die hele wêreld te bid en die krag van gebed te ervaar.




## OPEN DOOR SUNDAYS

Eerskomende Sondag 8 Maart om 19:00 is daar weer 'n *Open Door Sundays* (Engelse) diens.
Kom 'n bietjie vroeër en geniet 'n heerlike koppie koffie (gratis).

# ALLERLEI



**BEGELEIDE STIL SATERDAG**

deur

Ds Willem Smit

**Sa 21Maart 08:00 - 12:00**

Jubileumsaal

Andrew Murray Sentrum, Wellington

Koste: R100

Besprekings:

admin@andrewmurraysentrum.co.za




Bestel sokkies en ondersteun Racham!
Bestel by Ansa by 084 443 9498 of
Andri by 072 103 9500
Versus sokkies met Christelike
boodskappe.



Johanna oorhandig die kerksleutels aan Sampie.



# BID SAAM





Pieter Arangie - Bedieningsleier van die Finansiële Bediening.



## BID VIR DIE GEMEENTE

### FINANSIËLE BEDIENING

ALLE uitgawes van die gemeente - of dit nou nagmaalwyn, lekkers vir die kinders, bydraes vir sendelinge of die personeel se salarisse is - word gedek uit die bydraes van gemeentelede. Daar moet dus baie verantwoordelik omgegaan word met die bestuur hiervan. Die Here verwag van ons om getroue rentmeesters te wees van sy geld.

Dank die Here vir gemeentelede wat kans sien om hierdie taak te verrig. Bid vir die Finasiële Bediening vir baie insig, wysheid en goeie vooruitbeplanning. Daar word tans hard gewerk aan die begroting en moeilike keuses moet dikwels gemaak word - die gemeente se gebede is baie nodig.

## GETUIENIS UIT UKRAÏNE (VIA YOLANDE KORKI)

"Ek onthou daardie vroeë oggend, 05:00, toe die lug gevul is met ontploffings en ek tot die besef gekom het dat die lewe nooit weer dieselfde sou wees nie. In daardie eerste dae was dit nodig om die regte besluite oor die toekoms te neem, om van baie geliefdes wat Oekraïne verlaat het, afskeid te neem, en om aan te gaan.

Dit is nou reeds vier jaar van volskaalse oorlog - langer is as die Sowjetunie se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Ongeveer 2 miljoen mense is gewond, gedood of vermink. Baie stede en dorpe is van die aardbodem afgevee, en honderde duisende mense het hul huise verloor.

Dit was vier moeilike jare, gevul met gevaar, onsekerheid en vrees. Die laaste ruk was veral moeilik tydens die ryp, sonder elektrisiteit of hitte. Maar mense pas aan, toon veerkragtigheid en kom daardeur.

Die beste ding wat in hierdie tyd gebeur het, is dat baie mense wat uit hul gewone omgewing geruk is, die geleentheid gehad het om die Evangelie te hoor en 'n ontmoeting met Christus te beleef het. Verskeie mense uit ons kerk het vir ons gesê dat as dit nie vir die oorlog was nie, hulle ons nooit sou ontmoet het en verlossing deur Christus gevind het nie. God laat selfs sulke gebeure ten goede meewerk!

Ons het baie geleer, baie kennis opgedoen, en die belangrikste: ons het geleer dat die lewe van Christus afhang en nie van omstandighede nie, God is naby en voorsien.

Ek weet nie wanneer dit alles sal eindig en wat volgende gaan gebeur nie, maar vandag weet ek dat ons saam met Christus wandel en dat die toekoms in Sy hande is."

# IN DIE OMGEWING










09 - 13 Maart 2026
**NASIONALE TUINDEDAG**
Gratis toegang by Kirstenbosch vir alle Suid-Afrikaners.
Onthou jou ID!

KAARTJIES
Bespreek by:
https://tickets.tixsa.co.za/event/afrifees
Volw: Tafels: R180 Galery: R120
Kinders onder 12: R50

Vry 20 Mrt 7:30nm - 10:00nm
**Hoërskool Bellville**
De La Hayelaan, Bellville




"Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan."

Hebreërs 10: 25